(Hersien 2023)

GEDRAGSKODE VIR LEERLINGE

Etiese kode

As leerling van *Laerskool Laeveld* verbind ek my plegtig tot die Grondwet van Suid-Afrika, en onderneem ek voorts om die Gedragskode van die skool te respekteer en daarvolgens te leef.

Ek verbind my tot die kode deur:

- Al die reëls en regulasies soos deur die kode van *Laerskool Laeveld* beskryf, getrou en eties na te volg;
- Deurgaans hoë morele en etiese standaarde te handhaaf;
- Daarna te strewe om goeie en positiewe gedrag te openbaar wat bydrae tot ’n veilige en gesonde skool omgewing;
- My skoolwerk noukeurig, doelgerig en ywerig te voltooi; en
- Deurgaans goeie maniere en respek teenoor ander (die personeel, ouers, mede-skoliere en besoekers) op die skoolterrein, as ook respek teenoor geboue en eiendomme.

  Ons onderwerp onsself aan die bepalings van die Gedragskode en aanvaar enige dissiplinêre maatreëls indien ek Laerskool Laeveld se Gedragskode oortree.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____DAG VAN _____20__

_____ _____

LEERLING OUER

Deel 2

Kode en reëls

1. Inleiding

Hierdie dokument is die gedragskode van *Laerskool Laeveld* soos die Beheerliggaam dit op Januarie 2023 goedgekeur het. Die Beheerliggaam het die ouers, leerlinge en opvoeders van die skool oor die inhoud van die gedragskode geraadpleeg.

Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 (‘die Skolewet’); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragskode vir leerlinge (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing.

2. Doel

Hoewel die Staat verplig bly om opvoeding beskikbaar en toeganklik te maak, moet dít aangevul word met die toewyding en verbintenis van verantwoordelike rolspelers, naamlik opvoeders, leerlinge en ouers. Hierdie gedragskode is bedoel om sodanige toewyding en verbintenis te bevorder. Die doel van hierdie gedragskode is om ’n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en handhawing van die gehalte van die leerproses. Die gedragskode onderskryf die skool se missiestelling. Leerlinge en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se gedragskode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerlinge by die skool ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die gedragskode, en moet hulle dit stiptelik nakom. Indien leerlinge die gedragskode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerlinge teen hulle opgetree word.

3. Gedragskode

Algemene reëls

3.1 Leerlinge sal hulle te alle tye as goeie ambassadeurs van Laerskool Laeveld en ooreenkomstig die etiese kode van die skool gedra.

3.2 Terwyl leerlinge in die skool se drag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerlinge die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, sal hulle hulself van enige gedrag weerhou wat die skool, personeel of hul mede-leerlinge in ŉ slegte lig kan stel.

3.3 In hul wisselwerking met die skoolhoof, adjunkhoof, opvoeders en ander skoolpersoneel, moet leerlinge te alle tye die nodige hoflikheid en respek betoon en hulle weerhou van optrede wat op disrespek of opstandigheid (rebelsheid) neerkom.

3.4 In hul wisselwerking met mekaar, moet leerlinge sover moontlik selfbeheersing aan die dag lê en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerlinge hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerling te skend, of wat daartoe kan aanleiding gee. Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen leerlinge op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerlinge van die skool uitgeken kan word, is streng verbode.

3.5 ŉ Opvoeder van Laerskool Laeveld sal oor dieselfde regte as ŉ ouer beskik wat betref die beheer en dissipline van die leerling volgens die gedragskode, sowel gedurende die leerling se skoolbywoning as gedurende enige skoolaktiwiteit.

3.6 Leerlinge mag nie in die klaskamer, saal, mediasentrum of rekenaarsentrum eet of drink nie. Die kou van kougom gedurende skoolaktiwiteite is verbode.

3.7 Selfoongebruik gedurende skoolaktiwiteite is streng verbode. Oproepe mag slegs in noodgevalle en met die nodige toestemming van die skoolhoof gemaak word.(Verwys na selfoonbeleid)

3.8 Die rook, besit en/of gebruik van tabakmiddels, drank, ander alkoholiese middels of dwelmmiddels gedurende enige skoolaktiwiteit of wanneer leerlinge in skooldrag geklee is, is verbode.

3.9 In geval van ’n redelike vermoede dat leerlinge hulself aan ’n oortreding van hierdie gedragskode of die landswette skuldig gemaak het, het die skoolhoof of ’n opvoeder die reg om sodanige leerlinge en/of die eiendom in hul besit vir enige gevaarlike wapens, gewere, dwelms of ander skadelike en gevaarlike middels, gesteelde goedere of pornografiese materiaal te deursoek wat die leerlinge moontlik op die skoolterrein kon bring. Sodanige leerlinge se menswaardigheid sal deurentyd gerespekteer word, en dus sal die deursoeking privaat, deur persone van dieselfde geslag, en in die teenwoordigheid van nóg ’n persoon geskied. Die deursoekingsproses en -uitkoms moet opgeteken word.

3.10 Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool onbillik benadeel, sal as ’n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

3.11 Skuldigbevinding deur ’n hof aan ’n strafregtelike oortreding sal as ’n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

3.12 Oortredings wat tot skorsing, “time out” en/of uitsetting kan lei, sluit in, maar is nie beperk nie tot:

- optrede wat ander se veiligheid bedreig en wat die regte van ander skend;
- die besit, dreigement of gebruik van gevaarlike wapens;
- die besit, gebruik, verhandeling of sigbare bewys van narkotiese of ongemagtigde dwelms,
- alkohol en bedwelmende middels van enige aard;
- bakleiery, aanranding (brutale bakleiery) of mishandeling;
- onsedelike gedrag of ’n gevloek, kru taalgebruik;
- die aanneem of voorhou van ’n vals identiteit;
- enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of ander anti-sosiale gedrag;
- diefstal of die besit van gesteelde goedere, wat die diefstal of besit van toets- of eksamenvraestelle voor sodanige toets of eksamen insluit;

- onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, die vernietiging of beskadiging van skooleiendom wat die aanbring van graffiti sou insluit;
- oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen opvoeders of ander skoolpersoneel of - leerlinge;
- herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie gedragskode;
- strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en geslagsgebaseerde teistering;
- viktimisasie, afknouery en intimidasie van ander leerlinge;
- die oortreding van toets- / eksamenreëls; en
- opsetlike en bewuste verstrekking van vals inligting, of die vervalsing van dokumente, ten einde onbehoorlike voordeel te bekom.

4. Klasreëls

4.1 Die klasopvoeder moet, ná oorleg met die klas leerlinge sowel as hul ouers, klasreëls opstel wanneer hierdie gedragskode aanvaar word, en aan die begin van elke daaropvolgende skooljaar.

4.2 Die klasreëls moet skriftelik opgestel word en –

4.2.1 onmiddellik by die skoolhoof en die skoolbeheerliggaam ingedien word;

4.2.2 in duidelik leesbare skrif op ’n prominente plek in die klaskamer aangebring word; en

4.2.3 aan alle leerlinge en hul ouers beskikbaar gestel word.

4.3 Leerlinge moet stiptelik en volledig voldoen aan die klasreëls sowel as enige mondelinge opdragte wat die klasopvoeder of enige personeellid gee, en wat redelikerwys noodsaaklik is om hierdie gedragskode uit te voer en/of om die skool behoorlik en professioneel te bestuur.

4.4 Enige oortreding van die klasreëls sal as ’n oortreding van hierdie gedragskode en skoolreëls beskou word.

4.5 Elke klaskamer het twee ‘step out’ kaarte, klasonderwysers gebruik hierdie kaarte om leerlinge toestemming te gee om buite hul klaskamers te wees tydens enige akademiese program. Wanneer 'n leerling gevang word sonder 'n ‘step out’ kaart, sal daardie leerling 'n - 1 versuim ontvang en terug na sy / haar klas gestuur word. In die geval waar ‘n onderwyser toelaat dat ‘n leerling sy / haar klaskamer verlaat sonder die ‘step out’ kaart, sal daar van die onderwyser verwag word om ‘n geldige rede vir die insident te voorsien.

5. Reëls t.o.v.voorkoms en kleredrag

Voorkoms en kleredrag

A. <u>SKOOLDRAG:</u>

1. Leerlinge moet die toepaslike winters- en somersdrag soos voorgeskryf dra.
2. Somersdrag word gedurende die eerste- en vierde kwartaal gedra.
3. Wintersdrag word gedurende die tweede- en derde kwartaal gedra.
4. Alle skooldrag moet duidelik gemerk wees. Die leerling se naam en van behoort aangebring te wees.
5. Provinsiale kleure (sweetpakke) mag slegs op Maandae skool-toe gedra word.
6. Slegs leerlinge wat die skool se eerste span verteenwoordig het, of wat sodanige prestasie behaal het (dat hy/sy kwalifiseer vir ’n “Rooibaadjie”) mag ’n rooibaadjie skool-toe dra.
7. Skoene: Die volgende word toegelaat:
    a) Swart skoolskoene met bypassende lang skoolkouse;
    b) Tekkies met bypassende kort skoolkouse;
    c) Tekkies moet oorwegend wit of ligblou wees. Geen 'sneakers' word toegelaat nie;
    d) Alleenlik tekkies met bypassende veters word toegelaat. (Neon veters is nie toelaatbaar nie).
8. Indien ’n leerling nie die korrekte skoene (soos hierbo uiteengesit) dra nie, sal sodanige leerling versoek word om sy/haar skoene vir die res van die dag uit te trek.

9. Serpe: ’n Amptelike skoolserp is by Rieba beskikbaar. Geen ander serpe word toegelaat nie.
10. Indien ’n leerling enige probleem met sy/haar skooldrag beleef, word van die betrokke leerling se ouer of voog verwag, dat die ouer die skool sal kontak of skriftelik daarvan te verwittig. Die skool se klerebank sal op Woensdae-oggende oop wees om nuwe leerlinge en leerlinge met ’n behoefte aan tweedehandse klere by te staan.

B. BK KLERE (LEWENSORIËNTERINGSPERIODE ALLEENLIK):

Dogters - somer

- T- hemp en donker kortbroek.
- Skool sokkies met tekkies of kaalvoet.
- Geen 'skipants' mag gedra word nie.

Dogters - Winter

- T- hemp met donker kortbroek, sweetpakbroek of sweetpak.
- Skool sokkies en tekkies.
- Geen 'skipants' mag gedra word nie.

Seuns - Somer

- T-hemp en donker kortbroek.
- Skool sokkies en tekkies of kaalvoet.

Seuns – Winter

- T- hemp met donker kortbroek, sweetpakbroek of sweetpak.
- Wit sokkies en tekkies.

❖ Enige pette of hooftooisels buiten die wat in die skoolreëls voorgeskryf word is nie toelaatbaar nie.

❖ Die Hoof en die Beheerliggaam mag hulle eie diskresie gebruik om leerlinge toestemming te gee om siviele klere te dra na sekere geleenthede. Hierdie klere moet netjies en betaamlik wees.

C. VOORKOMS:

Dogters:

- Kort snit: Word vasgemaak indien oor die kraag hang. Hare mag in een of twee poniesterte of vlegsels vasgemaak word.
- Hare mag nie in die oë hang nie – dit moet of gesny of vasgesteek wees.
- Linte, rekkies, haarbande moet blou of rooi wees.
- Verlengstukke moet die selfde kleur as die natuurlike hare wees en netjies vasgemaak word.
- Hare mag nie gekleur word nie.
- Geen buitengewone mode haarstyle nie.

Seuns:

- Kort gesny.
- Hare mag nie oor die ore of kraag hang nie.
- Kuiwe minstens 1 sentimeter bo die wenkbroue.
- Hare mag nie in ’n rif of 'step' gesny word nie. (Geen 'overcomb').
- Hare mag nie gekleur word nie.
- Geen hooftooisels of verlengstukke mag gedra word nie.

D. JUWELE:

Dogters:

- Oorbelle: Slegs knoppies en ringetjies (goud of silwer) mag gedra word.
- Geen steentjies, hartjies of sterretjies mag gedra word nie.
- Geen toevoegings aan die ringetjies mag gedra word nie.
- Slegs een oorbel per oor.
- Geen armbande, krale, hangertjies, enkelkettingtjies mag gedra word nie.
- Slegs een seëlringe mag gedra word.
- Horlosies sonder bykomstighede mag gedra word.

Seuns:

- Geen armbande, kettingtjies, hangertjies of oorbelle mag gedra word nie.
- Horlosies mag gedra word.

E. GRIMERING EN NAELS:

Dogters:

- Geen ooggrimering mag gedra word nie.
- Geen lipstiffie, lipglans of kleurlose lipstiffie mag gedra word nie.
- Geen blosser mag gedra word nie.
- Naels moet kort en skoon wees.
- Geen naelpolitoer – gekleurd of kleurloos – mag gedra word nie.
- Naels mag nie met penne of 'tippex' ingekleur word nie.
- Geen tekeninge of tekens van henna mag op enige deel van die liggaam aangebring word nie.
- Geen tekeninge of kolletjies mag of die voorkop aangebring word nie.
- Enige vorm van tatoeëring moet deur die skooluniform bedek wees of deur ’n pleister toegemaak word.

Seuns:

- Naels moet kort en skoon wees.
- Geen tekeninge of tekens (henna) mag op enige deel van die liggaam aangebring word nie.
- Naels mag nie ingekleur word met penne of 'tippex' nie.
- Enige vorm van tatoeëring moet deur die skooluniform bedek wees of deur ’n pleister toegemaak word.

6. Sport en buite kurrukulêre aktiwiteite

6.1 Deelnemers aan sport en buite kurrikulêre aktiwiteite

6.1.1 Leerlinge wat die skool verteenwoordig in enige sport of buite kurrikulêre aktiwiteit moet geklee wees in sportdrag, skooldrag of voorgeskrewe klere soos vasgestel deur die verantwoordelike opvoeder vir die spesifieke aktiwiteit. Hierdie geld vir voor- gedurende en na ’n skoolaktiwiteit.

6.1.2 Alle leerlinge wat deelneem aan aktiwiteite sal lojaal wees teenoor die skool en mede deelnemers. Deelnemers moet betyds aanmeld vir die aktiwiteit soos gereël deur die organiseerder. Leerlinge wat gekies is om die skool te verteenwoordig in ’n aktiwiteit mag slegs verskoon word indien ’n geskrewe verskoning ingehandig word aan die organiseerder. Indien iemand afwesig is deur onvoorsiende omstandighede moet daar ook skriftelik apologie aangeteken word binne drie dae na die aktiwiteit plaasgevind het.

6.1.3 Leerlinge wat die skool verteenwoordig sal ten alle tye betaamlik optree en inval by alle reëls, voorskrifte en instruksies van:

6.1.3.1 die hoof van sport en personeel betrokke in die relevante sportsoorte

6.1.3.2 die skeidsregter, beoordelaar by die betrokke aktiwiteit

6.1.3.3 die spankaptein.

6.1.4 Alhoewel daar aangeneem word dat leerlinge wat deelneem aan sportaktiwiteite dit sal doen met toewyding en doelgerigtheid, daar van die leerlinge verwag word om met selfdissipline en selfbeheersing op te tree. Geen leerling mag swak sportmanskap openbaar of van vuiltaal, neerhalende en afbrekende opmerkings gebruik te maak nie. Geen leerling mag betrokke raak in gevegte of insidente van onaanvaarbare spel.

6.2 Toeskouers en ondersteuners by sport of ander buite kurrikulêre aktiwiteite

6.2.1 Behalwe vir hulle plig om in te val by die voorskrifte van die beleid, moet alle leerlinge wat enige skoolaktiwiteit as ’n toeskouer of ondersteuner bywoon hom of haar weerhou van enige onbetaamlike, ontwrigtende of uitlokkende gedrag nie. Geen leerling mag negatief reageer teenoor enige besluit van ’n skeidsregter of beoordelaar nie.

6.2.2 Leerlinge wat skoolaktiwiteite as toeskouers of ondersteuners bywoon sal inval by alle instruksies en opdragte en dit gehoorsaam soos deurgegee voor, gedurende en na die aktiwiteit deur die hoof, organiseerder, onderwyser, skoolleier of ouer soos aangestel om te help met die vervoer, toesig en beheer van die leerlinge.

6.2.3 Die bogenoemde reëls is gelykwaardig van toepassing op enige deelnemer in enige buite kurrukulêre aktiwiteit.

7. Skool eiendom

7.1 “Skool eiendom” sluit die volgende in:

7.1.1 Die gronde, geboue soos beset deur die skool sowel as enige permanente toevoeging tot die gronde en geboue.

7.1.2 Alle ander eiendom insluitende toerusting, boeke, voorraad en voertuie wat die skool se eiendom is, huur, stoor of waarvoor die skool regsaanspreeklik gehou word in geval van skade of verlies.

7.2 Omdat die skool gebou en ontwikkel is vir die gebruik van alle leerlinge wat die skool bywoon, hierdie leerlinge verplig is om alles in hulle vermoë te doen om die skool se eiendom te beskerm sodat dit tot voordeel van huidige en toekomstige leerlinge kan wees.

7.3 Geen leerling mag skooleiendom van die gronde af verwyder sonder die toestemming van die hoof of betrokke personeellid nie.

7.4 Geen leerling mag enige eiendom van die skool, mede leerlinge besoekers of lede van die publiek se eiendom hanteer, beskadig of verwoes nie. Hierdie reël is van toepassing op die skoolgronde, onmiddellike omgewing van die skool of waar enige skoolaktiwiteit aangebied word. Sowel as enige voertuig wat mag gebruik word vir die vervoer van leerlinge.

7.5 Geen leerling mag enige eiendom van die skool beskadig verwoes of verniel nie.Enige leerling wat opsetlik enige skooleiendom beskadig sal dit moet vervang of betaal. Die beskadiging van eiendom is ’n kriminele oortreding.

8. Skoolleiers

8.1 Die skoolleiers, in samewerking met die personeel van die skool is verantwoordelik vir die algemene skooldissipline.

8.2 Skoolleiers sal leerlinge wat reëls oortree na personeel van die skool neem waarna die lynfunksies gevolg sal word.

8.3 Alle leerlinge sal enige redelike instruksie van ’n skoolleier gehoorsaam en samewerking bied, sodat leiers hulle dienste korrek kan uitvoer.

8.4 Skoolleiers word nie toegelaat om 'n leerling / leerlinge wat 'n skoolreël oortree te straf nie.

8.5 Skoolleiers sal behoorlik voorberei word om hul pligte uit te voer en sal gereeld gemonitor word.

9. Skoolkennisgewing

9.1 Daar word van die leerlinge verwag om alle skooldokumente per hand aan hulle ouers te oorhandig, wat deur die skool, beheerliggaam, hoof of onderwyser van die skool versprei word. Dit moet so spoedig moontlik voltooi word en teruggestuur word aan die klasonderwyser vir ontvangserkenning.

10. Skool- of huiswerk

10.1 Daar sal ten alle tye 'n leergerigte atmosfeer in die klaskamer heers. Leerlinge mag nie die klas of die klasonderwyser weerhou van hulle taak nie.

10.2 Leerlinge moet opdragte wat deur die opvoeder gegee is, stiptelik uitvoer in die klas. Daar moet redelike tyd gegee word om huiswerk af te skryf.

10.3 Alle leerlinge moet hul voorgeskrewe huiswerk doen en stiptelik terugbesorg aan die betrokke onderwyser teen die sperdatum. Versuim om te voldoen aan hierdie reël, sal slegs verskoon word indien, 'n nota op die dag waarop die huiswerk voltooi moet wees, by die klasonderwyser ingehandig word.

10.4 Alle leerlinge moet hul voorgeskrewe huiswerk entoesiasties, ywerig en met toewyding doen ten einde 'n effektiewe werksetiek te ontwikkel. Versuim om te voldoen aan hierdie reël, sonder 'n aanvaarbare verskoning, sal beskou word as 'n oortreding.

10.5 Leerlinge is verplig om huiswerk wat hulle gemis het so gou moontlik in te haal.

10.6 Leerlinge sal so vinnig moontlik en in 'n enkel ry van klas tot klas beweeg. Om in groepe te gesels en die badkamer tussen klasse te besoek is ontoelaatbaar.

11. Toetse en eksamens

11.1 Alle leerlinge is verplig om te hou by die toetse en eksamens wat deur opvoeders vereis word. Versuim om te voldoen aan hierdie reël, sonder 'n aanvaarbare skriftelike verskoning deur die ouer, wat vroegtydig gerig word aan die hoof, sal beskou word as 'n oortreding.

11.2 Leerlinge sal hulle weerhou van enige oneerlikheid of onderduimshede gedurende toetse en eksamens.

11.3 Geen pennesakkies word toegelaat op die tafel tydens eksamens nie.

11.4 Leerlinge mag nie gesels tydens eksamens nie.

12. Stiptelikheid

12.1 Daar word van die leerlinge verwag om betyds in die oggende vir skool op te daag en vroegtydig daar te wees vir enige skool aangeleenthede. Laatkommers moet met skriftelike verskoning eers by die kantoor aanmeld voor hulle by die klas aanmeld.

13. Afwesighede

13.1 Indien 'n leerling afwesig is sonder 'n aanvaarbare verskoning, sal dit as stokkiesdraaiery beskou word. Leerling(e) wat nie op die eerste dag van terugkeer ‘n verskoningsbrief inhandig nie, ontvang ‘n versuim vir stokkiesdraai.

13.2 Afwesigheid vir meer as drie agtereenvolgende dae sal verskoon word slegs indien 'n sertifikaat van 'n **geregistreerde** mediese praktisyn (dokter, tradisionele geneser of kruiedokter) ingedien word, behalwe in die geval van die dood of trauma in die leerling se gesin, of ’n geval wat deur die skoolhoof of toegewysde persoon goedgekeur is.

14. Omgewing

14.1 Leerlinge het die reg op ’n veilige omgewing en op ’n skool wat onderrig bevorder.

14.2 Leerlinge **mag nie** op die skoolterrein rommel strooi nie!

14.3 Daar word verwag van leerlinge wat skoolaktiwiteite as toeskouer of deelnemer bywoon om die skoolterrein skoon en netjies te laat. Rommel moet in die vullisdromme, wat voorsien word, te gegooi word.

14.4 Leerlinge wat aan sport of kulturele aktiwiteite deelneem moet na afloop van die aktiwiteite die perseel netjies laat.

14.5 Leerlinge moet die badkamers in ’n netjiese toestand laat!

14.6 Die gebruik van slagspreuke (graffiti), plakkers, plakkate en dies meer op enige oppervlak by die skool word streng verbied, tensy die skoolhoof toestemming gee.

14.7 Leerlinge sal voldoen aan enige redelike versoek van die skoolhoof, enige opvoeder, of 'n skoolleier met betrekking tot die handhawing van 'n skoon en higiëniese skoolomgewing.

15. Vrystelling van bepalings van die gedragskode

15.1 Leerlinge mag 'n skriftelike aansoek aan die beheerliggaam indien vir algehele of gedeeltelike vrystelling van een of meer van die items wat in die gedragskode is, wat in teenstelling is met kulturele, godsdienstige of mediese gronde.

15.2 Sekere applikasies sluit ’n volledige rede in asook bevestigde bewyse. Daarom, rus die onus van bewyse nog steeds by die leerling se verantwoordelikheid vir die substansiële aansoek van kwytskelding.

15.3 Aansoeke vir kwytskelding sal oorweeg word aan die begin van elke skooljaar, mits die aansoeker bewyse het dat die aansoek dringend is of omstandighede drasties verander het.

15.4 In die geval waar ’n applikasie vir kwytskelding oorweeg word, het die Beheerliggaam die volle reg om enige inligting te verkry wat benodig word vir ’n regverdige verhoor in die belang van die aansoeker .

15.5 Die Beheerliggaam sal met die nodige erns en verantwoordelikheid elke individuele aansoeker vir kwytskelding, binne die raamwerk van die konstitusie en hofbevel, oorweeg. Die leerling sal skriftelik in kennis gestel word van die uitspraak.

16. In die geval waar ’n leerling enige van die voorgestelde skoolreëls oortree, sal die voorgeskrewe dissiplinêre prosedures gevolg word.



Beheerliggaam Voorsitter

Skoolhoof

Deel 3

Prosedure vir dissiplinêre optrede teen leerlinge

In die geval van oortredings rakend die gedragskode, is hierdie die dissiplinêre prosedure wat gevolg moet word. Om hierdie dissiplinêre prosedure te versterk, is wangedrag in vier kategorieë verdeel. Hierdie is die verskillende dissiplinêre stappe en prosedures wat geneem kan word om wangedrag te hanteer.
Enige verwysing na die Beheerliggaam van hierdie dissiplinêre prosedure sluit die dissiplinêre komitee van die Beheerliggaam in.

1. DISSIPLINÊRE OPTREDE

A. DISSIPLINE PROSEDURE (Graad 1 tot 3)

WANGEDRAG

1. Klasonderwyser ondersoek die voorval en voltooi ‘n wangedragbrief (Oranje brief).

2. Die brief word in die leerling se huiswerkboek geplak vir kennisname en ondertekening deur die ouer.

3. DPG hou rekord op SASPAC van die leerling se oortredings

4. Prosedure:

- Na drie wangedragbriewe kry ‘n leerling ‘n rooikaart, wat per epos aan die ouer gestuur word.
- Na die tweede rooikaart moet die klasonderwyser ‘n oueronderhoud reël met die ouers en graadhoof.
- Met ‘n leerling se derde rooikaartkennisgewings sal daar ‘n daaglikse verslag gehou word vir die daaropvolgende 10 dae observasie deur die DPG. Hierdie verslag sal daagliks in leerling se leeslêer/huiswerkboek huistoe gestuur word vir verpligte ondertekening deur die ouers. Na ‘n volgende oortreding sal die leerling en sy ouers by ‘n onderhoud moet wees waar die Hoof, Dissiplinêre hoof, die DPG en klasonderwyser bespreek wat die sanksie van die oortreding sal wees.
- Na afloop van die derde kwartaal, word die graad 3 - leerlinge onder dieselfde dissiplinêre stelsel as die graad 4 – 7 geplaas. Afronding en voorbereiding vir die volgende fase is hier van belang.

OORTREDINGS – ROOIKAART **Versuime**

601	GESELS IN SAAL / RYE	-1
602	VLOEK	-1
603	BOELIE / AFKNOU	-1
604	DIEFSTAL	-1
605	VANDALISME	-1
606	SPOEG, BYT, SKOP, OF SLAAN	-1
607	KLASONTWRIGTING	-1
608	HUISWERK DRIE KEER NIE GEDOEN NIE	-1
609	STROOI ROMMEL	-1
610	VERTEL LEUENS	-1
611	TOON GEEN RESPEK TEENOOR ONDERWYSERS / MAATS	-1
612	WERKBOEK TWEE KEER NIE GETEKEN NIE	-1
613	KOM LAAT NA POUSE	-1
614	MORS TYD; KLASWERK ONVOLTOOID	-1

POSITIEWE GEDRAG

a) Elke leerling ontvang ‘n beloningskaart met die 6 pilare van positiewe gedrag op.

b) Leerlinge word uitgevang en dan beloon deur enige personeellid.

c) Na ‘n spesifieke pilaar voltooi is ontvang die leerling ‘n knopie vir die spesifieke eenheid, wat hy/sy kry om te dra.

d) Die knopies sal weekliks tydens saalopening uitgedeel word.

e) MERIETE

701	Gereelde lees	1
702	Deurlopende goeie werk	1
703	Deursettingsvermoë	1
704	Eerlikheid	1
705	Respek	1
706	Verantwoordelikheid	1
707	Integriteit	1
708	Goeie vordering in assesseringstake	1
709	Toppresteerder	1
710	Samewerking	1
712	DBE werkboeke netjies gedoen	1
713	20 Sterre en meer	1
714	Kalender groen vir 1 maand	1
715	Huiswerk gereeld gedoen	1
716	Omgee	1

B. MERIETESTELSEL (KNOPIE STELSEL) GRAAD 4-7:

Die Knopie stelsel is daarop gemik om leerlinge se gedrag te bevorder, waardeur leerlinge knopies ontvang wat die hoeveelheid merietes aandui wat hulle tot dusver ontvang het. Die stelsel bestaan uit ’n 10, 20 en 30 meriete knopie. Die 10 meriete knopie sal gratis voorsien word, wanneer 'n leerling kwalifiseer vir ’n 20 meriete knopie, moet die leerling die 10 meriete knopie ruil vir die 20 meriete knopie, wanneer 'n leerling kwalifiseer vir 'n 30 meriete knopie moet die leerling die 20 meriete knopie vir die 30 meriete knopie ruil. Die knopies moet aan die einde van die jaar terug oorhandig word aan die skool, indien ’n leerling sy/haar knopie verloor het, moet die leerling R10 betaal om die knopie te vervang.

Dit is belangrik om daarop te let dat 'n leerling se gedrag gekoppel is aan die dra van die knopie en dat dit ’n voorreg is om die knopie te dra, wanneer 'n leerling swak gedrag in die klaskamer, op die speelgrond of op enige ander skoolaktiwiteit openbaar, mag die knopie deur die hoof van dissipline weg gevat word.

DISSIPLINÊRE PROSEDURE VIR LEERLINGE MET HOË STRAFPUNTE EN / OF ERNSTIGE WANGEDRAG.

Vlak 1:	**OORTREDINGS – AKADEMIESE**	**Versuime**
101	Klaswerk nie gedoen nie	0
	Assesseringstaak nie ingehandig op gegewe datum (projekte en opdragte)	0
102	Boeke nie in die klas nie	0
103	Laat vir klas	-1
104	Is buite die klas sonder ’n pas kaart	-1
105	Ontwrig klas / Hou medeleerlinge uit die werk / Ongevraagde kommentaar / Uitskree in die klas / Moet herhaaldelik aangespreek word	-1
106	Voer nie klasopdrag uit nie	-1
107	Afskryf van klaswerk en boek uitleen vir afskryf	-1
108	Gesels in die saal, rye en op stoepe	-1
109	Versuim om toets / omsendbriewe / dokumente aan ouer te gee	-1
110	Verbeteringe nie gedoen nie	-1
111	Vorige onvolledige werk nie gedoen nie	-1
112	Die besit van 'n selfoon sonder ’n toestemmings brief van die ouers. Gebruik van selfoon in die klas of die skoolterrein	-2
113	Eet / kou in die klas	-1
114	Spoeg in 'n openbare gebied	-1
115	Nie besig met toepaslike klaswerk	-1
116	Verwaarloos handboeke	-2
117	Steek ander leerling se eiendom weg	-1
118	Leen / Gebruik ander onderwyser/leerling se skryfbehoeftes sonder toestemming van die onderwyser of die leerling	-1
119	BK-klere nie by die skool nie	-1
120	Materiaal vir projekte nie in die klas nie	-1

Vlak 2: **OORTREDINGS – ALGEMEEN**

201	Algemene skending van die skoolreëls	-1
202	Graffiti op enige skooleiendom / skryf op muurkaarte	-3
203	Peuter met brandblussers of enige ander skooleiendom	-3
204	Vandalisme / Beskadiging van die skool, 'n onderwyser of ander leerling se eiendom	-3
205	Gooi papiere op speelgrond / in klasse	-2
206	Ignoreer leiers	-2
207	Swak gedrag - Leerlinge vloek, kru taalgebruik	-2
208	Swak gedrag - spoeg of byt ‘n ander persoon	-2
209	Vertel leuens / oneerlik	-2
212	Maak geluide, singery, opruiende slagspreuke	-2
213	Dra grimering	-1
214	Nie korrekte skoolklere, skoene/ nie gordel / rok te kort / verkeerde juwele, ens.	-1
215	Teken op hande, arms, bene of lyf	-1
216	Fisiese kontak - soen, drukkies, hou hande	-2
217	Versuim om toerusting / sportklere in te handig	-1
218	Afwesig van sportwedstryde / sportoefening sonder verskoning	-1
220	Ontwrig detensie	-1
221	Op verbode terrein / speelgrond / stoep wees	-2
222	Bank klas of saalopening	-3
223	Swak gedrag – Stamp en stoot	-2
224	Toeskouer – Rapporteer nie die insident nie	-2

Vlak 3: **OORTREDINGS.** As gevolg van die erns van die oortreding sal daar onmiddellik ’n onderhoud met die ouer gereël word deur die hoof van dissipline.

301	Onaanvaarbare gedrag teenoor onderwyser – insubordinasie	-5
302	Disrespek teenoor godsdiens / onaanvaarbare gedrag met opening	-5
303	Afknouery / afdreig / intimidasie (emosioneel en fisies) (“time out” 1 – 2 dae)	-5
304	Rassisme / enige rassistiese opmerkings	-5
305	Bedrog / namaak van ’n ouer se handtekening	-5
306	’n Toeskouer wees of enige bewys dat daar alkohol gedrink is / gom snuif	-5
307	Rook – ’n toeskouer of enige bewys dat daar gerook is	-5
308	’n Toeskouer wees of enige bewys van dwelmgebruik	-5
309	Ernstige vandalisme / doelbewuste beskadiging van onderwyser / skool se eiendom	-5
310	Optrede wat die skool se beeld en naam skend	-5
311	Inkriminerende selfoonfoto’s en/of video’s	-5
312	Oneerlikheid in eksamens of enige vorm van assessering	-5
313	Verlaat die skoolterrein sonder toestemming	-5
314	Ernstige onaanvaarbare gedrag = Onmiddellike detensie	-5
210	Bakleiery – Slaan, skop of enige aksie met die doel om te beseer. (“time out” 1 – 2 dae) (fisies)	-5
211	Aanhitsing / Aanmoediging van ’n bakleiery (“time out” 1 – 2 dae)	-5

Vlak 4: **ERNSTIGE OORTREDINGS.** As gevolg van die erns van die oortreding sal daar onmiddellik ’n onderhoud met die ouer gereël word deur die hoof van dissipline en 'n dissiplinêre verhoor geskeduleer word.

401	Pornografie / Eksplisiete tekeninge of woorde in handboeke / meubels /mure	-5
402	Besit van enige wapens	-5
403	Seksuele misdrywe en onvanpaste gedrag(Skoolure / Pouse of na skool op skoolterrein)	-5
404	Drankgebruik	-5
405	In besit wees of gebruik van drank,‘hubbly bubbly’, vape of e-sigarette	-5
406	Rook/”Vape” – op enige plek op terrein of in skoolklere buite skoolterrein	-5
407	Sataniese / okkultiese bedrywighede	-5
408	In besit wees/gebruik of handeldryf van dwelms in enige vorm.	-5
409	Toets positief vir dwelms by die skool	-5
410	Diefstal	-5
411	Aanranding: Slaan en/of skop sonder ophou (brutale bakleiery)	-5

MERIETE

501	Hulpvaardig	1
502	Lojaal	1
503	Deurlopende netjiese werk	1
504	Bedagsaamheid	1
505	Positiewe houding	1
506	Betroubaar	1
507	Klaskamer skoonmaak x 5	1
508	Beleefd	1
509	Konstante goeie gedrag en werk	1
510	Wys goeie vordering in ’n skoolvak	1
511	Ondersteun ’n sport of kultuur aktiwiteit	2
512	Uitsonderlike werk in ’n skoolvak	1
513	Vrywilligheid om ’n onderwyser / maat te help	2
514	Voorbeeldige gedrag in ’n klaskamer situasie gedurende die termyn	1
515	Leerling het gehelp gedurende ’n halfdag gebeurtenis	3
516	Leerling het gehelp gedurende ’n voldag gebeurtenis	5
517	Rapport punt meer as 80% vir Wiskunde	1
518	Rapport punt meer as 80% vir Engels	1
519	Rapport punt meer as 80% vir Afrikaans	1
520	Rapport punt meer as 80% vir Natuurwetenskappe	1
521	Rapport punt meer as 80% vir Sosiale wetenskappe	1
522	Rapport punt meer as 80% vir Tegnologie	1
523	Rapport punt meer as 80% vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	1
524	Rapport punt meer as 80% vir Lewensvaardighede	1
525	Rapport punt meer as 80% vir Kreatiewekuns	1

Let wel: Geen detensie sal plaasvind gedurende national inperkings nie.

OPSOMMING: Versuime versamel vir ’n dissiplinêre verhoor.

1. OPEENHOPING VAN VERSUIME

5 versuime – 1ste detensie
10 versuime – 2de detensie
15 versuime – 3de detensie
20 versuime – 4de detensie
25 versuime – 5de detensie
30 versuime – 6de detensie

} MAKSIMUM VAN 6 DETENSIES

2. STRAF EN AKSIE

- Na 'n leerling 5 versuime ontvang het, moet hy / sy detensie sit.
- Ouers mag ’n versoek rig met ’n geldige rede dat sy/haar kind op ’n later stadium detensie kan sit.
- Hierdie versoek moet ten minste 3 dae voor die gegewe datum van detensie skriftelik aan die hoof van dissipline gegee word.

Indien die versoek toegestaan word, moet die leerlinge die volgende detensie bywoon.

2.1 STRAF EN AKSIE VIR VLAK 3 WANGEDRAG

As gevolg van die erns van die oortreding sal daar onmiddellik ’n onderhoud met die ouer gereël word deur die hoof van dissipline.

- Indien die oortreding enige vorm van geweld bevat moet die skool optree ter wille van die veiligheid van die ander leerlinge.
- Geen vorm van geweld sal nie toegelaat word nie. Ouers word die geleentheid gegun om aandag aan die leerling se gedrag te gee tydens “time out”. Die leerling se werk moet op datum wees wanneer hy/sy terugkeer.

- Indien daar ‘n assessering gemis word agv die “time out” sal die assessering nie in aanmerking geneem word vir die kwartaal – en jaarpunt nie.

2.2 STRAF EN AKSIE VIR ERNSTIGE WANGEDRAG

Ernstige wangedrag sal onmiddellik na die skoolhoof verwys word en besluit wat die plan van aksie sal wees.

- Die ouers sal ingelig word rakend die insident of ’n afspraak sal gereël word.
- Die saak sal verwys word na die Dissiplinêre Komitee.
- Die leerling is belas met dissiplinêre optrede.
- Die leerling sal toegang geweier word tot die skoolterrein en in die sorg van die ouers geplaas tot verdere aksie geneem word.
- Die saak sal verwys word na die SAPD.

Met verwysing na die Dissiplinêre Komitee: hierdie komitee moet die saak bestuur sodat dit in die beste belang van die skool en kind is. Die meerderheid belang moet as prioriteit gesien word. Die Dissiplinêre Komitee het die gesag om een van, 'n kombinasie van, of enige ander vonnis wat nie hieronder gelys is nie af te dwing.

a) Skors die leerlinge vir 'n maksimum van 7 agtereenvolgende skooldae.
b) Weier die leerling sekere voorregte.
c) Verwys die leerling vir professionele hulp.
d) Beveel aan dat die leerling geskors word.
e) ‘n Opgeskorte vonnis vir 'n tydperk van nie langer as 90 dae vanaf die datum van vonnis.
f) Weier die leerling toelating met die aanvang van die nuwe akademiese jaar.

2.2.1 DISSIPLINÊRE VERHORE

- Na 3 x detensies = Oueronderhoud met Graadhoof en 2 onderwysers.
- Na 5 x detensies = Oueronderhoud met die Skoolhoof, HOD Dissipline, Graadhoof en 2 onderwysers.
- Na 6 x detensies = Dissiplinêre verhoor - Dissiplinêre Komitee soos hieronder aangedui.

2.1.2 KOMITEE

- Voorsitter van die skool se Beheerliggaam.
- Hoof van Dissipline wie optree as aanklaer.
- Graadhoof.
- Alle lede van die SBL se Dissiplinêre Komitee.
- Ouers.
- Leerling wat aangekla word.

BELANGRIK

- ❖ Ouers en relevante komiteelede ontvang 7 kalenderdae kennis van 'n dissiplinêre verhoor.
- ❖ As ouers versuim om die verhoor by te woon, moet hulle 'n skriftelike verskoning gee, maar die verhoor sal voortgaan in die ouer/ouers se afwesigheid.

<u>Straf as gevolg van die dissiplinêre verhoor:</u>

- Weer detensie

- Verbied om deel te neem aan ‘civvie’ dae

- Verbied sekere voorregte bv. Veldskool, toere en uitstappies.

2.2 DETENSIE DAE

- Vrydae, direk na skool tot 15:30

- Geen elektroniese toestelle word toegelaat nie

2.2.1 DETENSIE KLASSE

Wanneer ’n leerling 5 negatiewe punte het, moet die leerling detensieklasse bywoon. Ouers sal deur middel van ’n SMS in kennis gestel word.

Die leerlinge en ouers sal in kennis gestel word van die dag en datum van detensie-klasse. Indien die leerling afwesig was op die dag van detensie, sal sy/haar straf uitgeskuif word na die volgende week se detensie. Ouers moet ’n brief aanheg (drie dae voor die geskeduleerde datum) ter verduideliking waarom die leerling afwesig was die dag van detensie.

Die ouers het die reg op ’n eenmalige versoek dat die detensie uitgestel mag word indien dit op skrif met geldige redes ingehandig word.

2.2.2 FORMAAT VAN DETENSIE KLASSE

Detensie klasse is as volg:

Twee ure van detensie na skool vind plaas. Leerlinge kan gedurende detensieklasse of werk gegee word om te doen of moet die skoolreëls uitskryf. Dit geskied soos intern bespreek per graad.

2.3 VOORKOMENDE SKORSING

Die Beheerliggaam het die reg om ’n leerling vir sewe skooldae te skors indien die leerling verdink word van ernstige oortredings (Kategorie 4). Dit geskied op grond van ’n regverdige basis om sodoende voorsorgmaatreëls te tref.

Skorsings soos dié kan alleenlik gebeur nadat ’n leerling ’n regverdige geleentheid gegun is om te appelleer teen die skorsing en dit met die Beheerliggaam opgeneem is.

3. DISSIPLINÊRE VERHOOR

3.1 VOORLAASTE NAVRAE

Indien daar vermoed word dat ’n leerling ’n ernstige oortreding begaan het (Kategorie 4), mag die skoolhoof ’n ondersoekbeampte aanstel om die saak te ondersoek. Die ondersoekbeampte sal inligting bymekaar maak vir die skoolhoof om vas te stel of dit nodig is vir ’n dissipline verhoor.

3.2 VERHOOR

3.2.1 Die ondersoekbeampte sal ’n oortredingsstaat optrek. Ouers en leerling sal ’n geskrewe kennisgewing ontvang van die datum, tyd en plek van dissiplinêre verhoor. Die gegewe afspraak moet in ooreenstemming geskied met die dissiplinêre komitee.

3.2.2 Die kennisgewing moet genoegsame inligting bevat van die datum, plek en die sogenaamde oortreding.

3.2.3 Daar moet ten minste vyf skooldae verloop tussen die aflewering van die kennisgewing en die verhoor.

3.2.4 Die Beheerliggaam is verantwoordelik vir die samestelling van die dissiplinêre komitee. Die voorsitter van die komitee moet ’n lid wees van die Beheerliggaam. Die dissiplinêre komitee het die reg om die dissiplinêre verhoor te bestuur en te finaliseer, asof dit deur die Beheerliggaam self gedoen is, en sal die reg hê om te doen wat die Beheerliggaam doen in terme van die geldige wetgewing, dit sluit in implementering en bemagtiging van enige sanksies, en verwysings van skorsing na die Hoof van Onderwys.

3.2.5 Die leerling moet vergesel word deur sy/haar ouer of ’n persoon wat deur die ouer aangestel is. In die geval van ernstige oortredings, is die leerling geregtig om ’n regsadviseur of enige persoon te verkry wat deur die leerling se ouers aangestel is. Genoemde aansoek moet ten minste twee skooldae voor die verhoor direk verwys word na die hoof van die dissiplinêre komitee. Geen ander persoon, behalwe bogenoemde persone, mag die verhoor namens die beskuldigde leerling bywoon nie.

3.2.6 Wanneer 'n leerling ’n regsverteenwoordiging het, mag hy / sy kies om die dissiplinêre prosedure te bespoedig deur 'n pleit ooreenkoms met die Beheerliggaam voorsittende aan te gaan.

3.2.7 Behalwe vir ’n minderjarige leerling se reg om te getuig deur die gebruik van ‘n bemiddelaar, soos beoog in artikel 8 (7) - (9) van die SASW, minderjarige leerlinge (hetsy beskuldigde of getuies) sal ook geregtig wees om bygestaan te word deur hul ouers of 'n opvoeder van hul keuse tydens dissiplinêre verrigtinge. Maar, 'n persoon wat 'n leerling help mag nie enige vrae namens die leerling beantwoord of die tugkomitee aanspreek nie.

3.2.8 Leerlinge wat betrokke is by dissiplinêre verrigtinge is ook geregtig om ondersteuning, advies en berading van opvoeders te ontvang wat vir daardie doel deur die skoolhoof of die Beheerliggaam aangestel is, op voorwaarde dat so ‘n opvoeder die leerling nie kan help by die dissiplinêre verhoor, tensy die ouer van die leerling die opvoeder bemagtig om dit te doen.

3.2.9 Indien die leerling en / of sy / haar ouers en / of verteenwoordiger versuim om die verhoor by te woon ten spyte van behoorlike kennisgewing, kan die verhoor voort gaan in hul afwesigheid.

3.2.10 Die verhoor moet billik en regverdig wees, en sal in terme van die voorskrifte van die toepaslike provinsiale wetgewing gedoen word. Die aanklaer en leerling (of verteenwoordiger van die leerling, indien van toepassing) moet die geleentheid gegee word om hul saak te stel, mag vrae vir getuies vra, kan getuies roep, en mag dokumente wat verband hou met die saak ondersoek.

3.2.11 Die lede van die dissiplinêre komitee sal ook geregtig wees om getuies te roep, addisionele getuies of getuienis versoek, getuies vra vrae of verder ondersoek instel in enige aspek wat regverdigheid en geregtigheid kan bevorder.

3.2.12 Nadat getuienis aangehoor is, sal die komitee besluit of die leerling skuldig of onskuldig is. Vir hierdie doel, of vir die doeleindes vir die afhandeling van enige dispuut wat ontstaan tydens die verrigtinge, sal die komitee geregtig wees om te verdaag vir 'n redelike tydperk ten einde die beslissing te oorweeg. Sulke oorweging sal plaasvind agter geslote deure en kan net deur die komiteelede bygewoon word.

3.2.13 Indien die leerling skuldig bevind word, sal beide die leerling en die aanklaer nog 'n geleentheid gegee word om te getuig en / of vertoë op versagtende en verswarende omstandighede wat die komitee moet oorweeg om 'n gepaste sanksie te lê. Ten einde 'n gepaste straf te oorweeg, sal die komitee weer geregtig wees om te verdaag vir 'n redelike tydperk. Sulke oorweging sal agter geslote deure plaasvind en kan slegs deur komiteelede bygewoon word.

3.3 BEVINDING EN STRAF

3.3.1 In die geval van 'n skuldigbevinding, moet die dissiplinêre komitee se beslissing, insluitende die sanksie, skriftelik binne ‘n maksimum van vyf skooldae aan die leerling en sy / haar ouers sowel as die aanklaer gekommunikeer word.

3.3.2 Ongeag van enige skuldigbevinding en straf wat deur die Beheerliggaam opgelê word, kan enige oortreding van die gedragskode van Laerskool

Laeveld wat 'n kriminele oortreding is verwys word na die Suid-Afrikaanse Polisiediens vir verdere ondersoek.

4. INTERNE APPEL

4.1 'n Party wat ongelukkig is met die uitslae van die dissiplinêre verrigtinge is geregtig om skriftelik te appelleer teen die skuldigbevinding, sanksie, of albei, binne 24 uur na ontvangs van skriftelike kennisgewing van die uitkoms.

4.2 Die kennisgewing van appèl moet duidelik gronde vir die appèl uit een sit.

4.3 Die Voorsitter van die Beheerliggaam moet 'n appèlkomitee aanstel binne 24 uur na ontvangs van die kennisgewing van appèl, die komitee moet uit 'n lid van die Beheerliggaam as voorsitter, en ten minste twee ander kundiges bestaan. Die lede van die oorspronklike tugkomitee mag nie op die appèlkomitee dien nie.

4.4 Die Voorsitter van die Beheerliggaam moet die kennis van appél aan beide die Voorsitter van die Appélraad sowel as die ander party betrokke by die verrigtinge gee en moet seker maak dat die rekord van die dissiplinêre verrigtinge aan die Appélraad beskikbaar gestel word.

4.5 Die ander party sal toegelaat word om binne 24 uur van die ontvangs van die kennis tot appél vertoë by die voorsitter van die Appélraad teen die appél te rig.

4.6 Tydens die oorweging van die appél sal die appélraad daartoe beperk wees om die rekord van die verrigtinge voor die die dissiplinêre komitee, die kennis van appél en enige ander verteenwoordiging wat die ander party mag indien, te oorweeg.

4.7 Enige party wat enige bewyse by die Appélraad wil indien vir hul oorweging, waarvan die bewyse nie deel is van die rekord van verrigtinge voor die dissiplinêre verrigtinge nie, moet eers skriftelike toestemming by die voorsitter van die Appélraad vra. In die geval waar die appelant so ‘n aansoek indien moet dit in die kennis van appél vervat word. In die geval waar die ander party verlang om so ‘n aansoek in te dien, moet dit binne 24 uur vanaf die ontvangs van die kennis tot appél ingedien word.

4.8 Die aansoek om toestemming vir die indiening van nuwe bewyse moet duidelik en ten volle beskryf waarom die bewyse nie voorheen beskikbaar was nie of nie vroeër tydens die dissiplinêre verrigtinge ter tafel gelê is nie. Die omvang van die bewyse, asook ‘n verduideliking tot watter mate en wyse die bewyse kan bydrae tot die oorweging van die appél moet ook duidelik omskryf word.

4.9 Die Appélraad het sewe skooldae van die ontvangs van die kennis tot appél om hul besluit skriftelik aan die partye bekend te maak.

4.10 Tydens die oorweging van appél mag die Appélraad:

a) Die dissiplinêre komitee se onskuldige of skuldige bevinding, asook die sanksie wat opgelê is ter syde stel of bekragtig.

b) ‘n Alternatiewe sanksie oplê (insluitend ‘n swaarder sanksie).

c) Enige ander uitspraak lewer wat die Appélraad voel onder die omstandighede gepas en regverdig is.

5. ALGEMENE VOORSIENINGS

Daar word verwag dat die Beheerliggaam van Laerskool Laeveld behoorlike rekord van dissiplinêre verrigtinge sal hou. Ten doel hiervan mag die Beheerliggaam ‘n persoon aanstel om die verrigtinge te notuleer of elektronies op te neem. Die persoon wat vir hierdie doel aangestel word, sal nie deel wees van die komitee nie.



Mnr. D.J.J Jacobs
Skoolhoof

Mnr. H van der Mescht
Beheerliggaamvoorsitter